

Teksgedeelte:

2 Korintiërs 12:1-10

Agtergrond:

Paulus maak dit aan die Korintiërs duidelik dat indien hy sou wou roem hy ten minste op dieselfde gronde as die rondreisende predikante sou kon roem, maar hy wil dit nie op daardie gronde doen nie. Deur van homself in die derde persoon te praat distansieer hy homself van daardie tipe roem.

Vir Paulus en sy tydgenote was die eerste hemel waar die voëls vlieg. Dit tweede hemel was waar die lewende hemelwesens, die sterrekonstellasies is. Die derde hemel was daar waar die troon van God is, waar God woon.

Paulus ontken nie sy belewenis nie, maar sê dat hy eerder sal roem in sy swakhede want juis dan is God sterk. Paulus sê om die Here te dien, is nie om die hele tyd in die wolke te wees nie, dit is om af te kom aarde toe en die swaar in die oë te kyk.

Die swakhede waaroor Paulus praat is vir die Korintiërs konfronterend en ongemaklik omdat die rondreisende predikers se fokus eerder geval het op eer, status en oorwinning.

Die klem vir hierdie les val dan juis op geestelike hoogmoed.

Aktiwiteit:

- Laat die groep in verskillende tipes rye staan.
 - Van kort na lank
 - Van jonk na oud
 - Volgens skoene grootte
 - Alfabeties volgens van of naam

Reviewing:

Diamante:

Ek wil nie pertinent enige vrae hier insit nie, aangesien die rye nie veel aktiwiteit vereis nie, die klem val vir my eerder op emosies en die insig wat daaruit kom. By diamante kan die preekinhoud hersien word.

- Waar staan mens gewoonlik in rye?

Harte:

- Hoe het dit gevoel om nou by die kategese ook in rye te moet staan? Het dit enige doel gehad?

- Hoe voel dit as jy by Gold Reef City of 'n ander pretpark op een van die *rides* wil gaan en daar is 'n baie lang ry.
- Hoe voel dit om by 'n pretpark te wees en daar is kort rye?
- Het jy al by 'n ry ingedruk? Hoe het dit gevoel?

Skoppens:

- Hoe sou dit anders gewees het as die klas eerder in 'n sirkel gestaan het as 'n ry?
- Waar sou die Korintiërs vir Paulus in 'n ry geplaas het? (Moontlik agter)
- Waar sou die Korintiërs die rondreisende predikers in 'n ry geplaas het? (Moontlik voor)
- Hoekom sou die Korintiërs hulle so op 'n ry geplaas het?
- Waar dink julle sou die Here vir Paulus of vir die rondreisende predikers op 'n ry geplaas het?
- Hoekom is ons geneig om mense in rye te wil sit van belangrik of onbelangrik?

Klawers:

- Wat leer ons uit die gedeelte in 2 Korintiërs 12:1-10?
- Wat kan ons as kinders van God doen om nie te dink dat ons beter is as ander mense nie?
- Wat kan ons doen as ons met mense van wie ons verskil te doen kry?
- Hoe gaan ons aan ander oordra dat hulle ook vir God belangrik is?